DROOM OOR DIE VERFSTOOR

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

Goeie dag almal, ek seën julle vandag baie ryklik in die Naam van onse Here Jesus Christus.

Ek het op die oggend van 22 Maart 2026 ‘n baie besondere droom gehad. Ek wil dit graag met almal deel; daarom nooi ek julle om hierdie boodskap uit te dra so ver julle kan.

Ek het gedroom van ‘n baie groot verfstoor met verskillende kleure verwe in. Hierdie verfstoor was egter in chaos gedompel, nie alles was op die rakke nie. Ek het groot blikke, groot kanne en groot dromme asook verskillende klein houertjies gesien.

Die verfblikke was vuil - dit was nie mooi skoon gemaak nie. Sommige het nie deksels op gehad nie, ander se deksels het afgeval. Verfblikke het omgeval, verf het uitgeloop en die bietjie verf wat nog in die binnekante was, het hard geword. Dit was ‘n chaotiese verfstoor en regtig nie ‘n plesier om na te kyk nie. Alles was deurmekaar. Daar was nie één verfblik wat nie mooi skoon was nie. Dit was ‘n gemors, as ek dit so kan stel. Dit was regtig ‘n gemors.

Toe het ek daar eenkant ‘n klein stellasie gesien met ‘n paar pragtige, goed versorgde verfblikke op, mooi en netjies skoongemaak. Die deksels was ordentlik toegemaak, daar was nie ‘n spatseltjie verf aan nie. Dit het byna gelyk na splinternuwe verfblikke en dit was mooi en netjies gepak. Daar was egter nie veel verfblikke op hierdie rak nie, by skatting seker so agt tot twaalf. Dit was in verskillende groottes, merkwaardig netjies op hul plek, mooi in gelid, regtig pragtig mooi, maar ongelukkig was dit net ‘n paar.

Die res van hierdie verfstoor was egter, soos alreeds gemeld, in chaos. Dit was vuil, van die verfblikke het onderstebo gelê met deksels wat afgeval het. Sommige se deksels was skeef op, verf het hard geword aan die binnekant en dit was regtig net chaoties.

Toe hoor ek ‘n Stem, en dié Stem sê vir my: *“2 dae is verby, daar is nog net vyf-en-veertig (45) minute oor, daar is nog net 45 minute oor, dan sal Ek hierdie bietjie wat so mooi is, kom haal. Hierdie mooi netjiese verfblikke sal Ek kom haal”.*

Ek dink die Here wil vandag aan ons iets sê: *Die wêreld is in chaos gedompel. Dinge lyk erg, dinge lyk rof, en daar is baie mense wat stukkend en gebroke en nie op hul plekke is nie. Miskien het hul deksels afgeval, hard geword, verhard deur hierdie wêreld, verhard deur hierdie lewe. Sommige mense voel leeg en ongebruik. Andere voel asof hulle net nie meer iets beteken nie, en so meer.*

Die Here kom waarsku ons vandag deur te sê dat daar net nog vyf-en-veertig (45) minute oor is.

Ek is nie ‘n wiskundige nie; ek kan nie die somme maak nie. Dit is egter die Woord wat ek vanoggend gekry het en ek gee dit vandag aan almal uit.

Mag die mense hoor wat die Gees van God sê, want die tyd is hier, **die tyd is hier**. Die Here gaan kom om daardie mooi en netjiese, selfversorgde verfblikke te haal.

My vraag vandag aan jou is: Is jy reg om die Here te ontmoet? Is jy reg? Hoe lyk jou lewe voor die Here?

Mooi dag verder, laat dit met julle goed gaan.

Die Here seën.